

HOOFTUK V

DIE INFINITIEF

SY KENMERKE

IN Afrikaans word die infinitief deur geen morfologiese vorm gekenmerk nie, behalwe by die twee wwe. met die infinitiefsvorme *hê* en *wees*. (Laasgenoemde fungeer ook as imperatief.) Die uitgang *-e* in wendinge „Dit is te hope. — Hy gee dit te kenne,” verskyn na *te* in geykte uitdrukkings wat skynbaar onproduktief is, d.w.s. geen analogie-skeppende krag het nie.

Die verbuigings-*e* skyn sporadies voor te kom by ouer mense in konstruksies met *aan*. In die funksie kom dit nog by Meurant voor (Scholtz: H.G., 22 Aug. '41, bl. 61). Dr. Smuts meen dat die infinitiefvorm by Trichardt in volle bloei was, maar dr. S. betwyfel dit (H.G., 20 Junie '41, bl. 51).

Die probleem wat die inf. ons in Afrikaans stel is dit: aan die een kant tree hy op as onderwerp of voorwerp ens. soos 'n s.nw., en aan die ander kant vorm hy die gesegde in verbinding met ander wwe.; verder tree hy op in verbinding met *te* en *om te* as eiesoortige woordgroep. Wanneer ons nou soek na sy spesifiek verbale karakter kom ons voor die probleem te staan dat die inf. uit die aard van die saak geen subjek het nie, wat juis die belangrikste kenmerk van die ww. is.

Die saak is noukeurig opgesom deur Jespersen soos volg: „An infinitive according to circumstances is a primary, a secondary or a tertiary, but it so far participates in the characteristics of a finite verb that it can take objects and tertiaries even when the infinitive itself is a primary. The inf. is a primary when it is subject or object. As a predicative it may be either a primary: ‚To see her is to adore her,’ or a secondary: ‚You are to go there. — Ceci est à refaire,’ an adjunct: ‚You are the

man to go there. — A house to let'” (Analytic Syntax, bl. 157; vgl. ook Sechehaye, bl. 171).

Hier gee Jespersen dus aan die hand dat ons die verbale karakter moet soek in die vermoë om voorwerpe en bywoordelike bepalings (tertiaries) te neem.

Selfs die belangrikste reksiekenmerk vind Jespersen by die inf. terug, nl. die betrekking met 'n onderwerp. Hy verklaar: „An inf. always denotes a nexus between a subject and the verbal idea, though the subject need not be expressly stated” (Analytic Syntax, bl. 133). Verder heet dit: „In many cases both are expressed But extremely often the subject is left to be inferred from the context” (bl. 138).

In die volgende voorbeelde sal ons nagaan watter onderskeidings van Jespersen kan toegepas word, maar terwille van die oorsigtelikheid word die verskynsels gegroepeer volgens uiterlike kenmerke.

BLOTE INFINITIEF

In „Loop is gesonde oefening” is *loop* eweseer onbepaalde s.nw. as onbepaalde ww., maar deur die bepaling *aanhoudend* voor *loop* te voeg, maak ons duidelik dat die onderwerp van die sin 'n inf. is en geen naamwoord nie. Die vorm van die bepaling — sekondêr of tersiêr — sal dus aantoon of die bepaalde woord s.nw. of ww. is. Vgl.: *altyd twyfel* (ww.) — *gedurige twyfel* (s.nw.) — *die geniepsig knyp* (ww.) — *die geniepsige knyp* (s.nw.).

Maar óók die spelling kan 'n aanduiding verskaf. Waar 'n bepaling met 'n woord saamgevoeg word, kan die geheel as s.nw. deurgaen, maar los moet hulle geld as bepaling + ww. Vgl.: *koringsny* (s.nw.) of *koring sny* (ww.) is *warm werk*. Hier volg 'n aantal voorbeelde van infinitiewe wat kenbaar is aan hulle voorwerpe en bywoordelike bepalings:

„Hul arms is dood van graaf indruk en sooie lig. — Dooie takke uitsae het nie gehelp nie. — Die brandstapels en die koppe afslaan is nie werk vir hom nie. —

Koring ingooi bo, verstel en meel wegdra onder, het hom nooit moeg gemaak nie. — Daar is vir ons nie so 'n ding soos saans gaan lê en slaap nie, nee, dis maar net kort-kort uit en keer en nader druk werf toe. — Nou is daar geen genade nie. Dis òf flouword òf sonder ophou trek. — Dis dra en stoot en soebat en kwaad word."

In gevalle soos die laaste sin waar bepalinge of voorwerp ontbreek, is die grens tussen inf. en s.nw. nouliks herkenbaar. So ook die volgende: „Aan berg-uitklim vir haar was daar nie te dink nie. — 'n Volle uur is dit toe borsel en roskam, roskam en borsel en blinkmaak en vrywe met die lap. — Mootsaagtrek is mos eintlik my kos."

In verskeie gevalle het die blote ww. in elliptiese gebruik 'n vaste waarde gaan kry waar ons dit eerder as bywoord dan as ww. moet beskou: „Maar dis nou *verseg* of hulle die water wil in. — Maar ek gaan vasskop, *bars* of *buig*. — Dit sal nog *broekskeur* gaan. — Jy moet nou *opletwerk*."

INFINITIEF NA „AAN"

Na *aan* (+ *die* of *'t*) vind ons infinitiewe wat meestal duidelike reksiekenmerke toon.

„Die kloof was aan 't dieper spoel. — Dit is 'n damwal wat ek aan 't maak is. — Die volk was aan 't uitspan. — Daar was 'n kavalkade aan 't nader. — Die honde gaan aan die blaf. — Geen mens kon hom aan die loop kry nie. — Dis 'n tegniek wat nou aan die ontwikkel is. — Petrus was iets beters aan doen. — Sy jong was aan tamboerslaan."

HISTORIES

Van oorsprong is die infinitief 'n s.nw. wat van 'n ww. afgelei is, soos ons dit ongeveer in hedendaagse Afrikaans vind in: „Die steenhokke is bomskuilings *in* aanbou. — Die diere word *vir verkoop* geadverteer. — Die bos is *aan die brand*” (vgl. Paul, par. 257).

In verbinding met die voorsetsel *te* in Nederlands, *to* in Engels en *à* in Frans wat oorspronklik Rigting, Doel, Lokaliteit ens. aangedui het, het dit later 'n meer werkwoordelike karakter gekry. Ter versterking van die begrip Doel is later ook *om* in Nederlands voorgevoeg (vgl. Stoett, parr. 281—2). (In die omgangstaal in Amerika en Frankryk vind ons teenswoordig *for to* en *pour*, wat dieselfde funksie het as *om*.) In Nederlands het *om te* beperkter funksies as in Afrikaans.*) Jespersen verklaar t.o.v. Engels: „The preposition which originally served to indicate this rôle of the infinitive, as purpose, etc., tends to become a fixed part of the inf.” (Analytic Syntax, bl. 157).

In sommige gevalle, soos in die bostaande konstruksies, merk ons nog iets van die tweeslagtige karakter van die inf. (s.nw.—ww.), en ook na *te* waar die inf. as 't ware 'n neutrale reksie het. (Dit blyk ook daaruit dat die ooreenkomstige Engels passiewe vorm het.) Vgl.: „Dit staan nog te besien. — Die huis is te koop.”

GRAMMATIKALISASIE EN NADRUKLIKHEID

Die voorkeur van Afrikaans vir *om te* bo *te* lê op die lyn van abstraksie na meer nadruklikheid. Meillet het hierdie verskynsel opgesom in sy opstel „L'évolution des formes grammaticales” (Ling. Hist.). Hy toon aan dat dit 'n sielkundige proses is met twee pole: aan die een kant het die spreker behoefte aan *nadruklikheid*

*) Die uitbreiding van *om te* ten koste van *te* vind ons ook by volkskrywers van die 17de eeu. Vgl. Overdiep wat in Syntaxis dieselfde reksiekenmerke onderskei as ons (Syntaxis III, parr. 361—370). Vgl. ook Kruisinga: Het Ndl. van Nu, par. 181.

(expressivité) en daarom gebruik hy 'n nuwe woord of voeg 'n woord by as versterking. Deur herhaalde gebruik in 'n vaste verband verloor die woord sy krag. Hierdie proses van *grammatikalisasie* is teenoorgestel aan die behoefte aan nadruklikheid. Dit beteken nie noodwendig dat 'n woord oorbodig word nie, maar eerder dat dit abstrak word. Vendryes merk op: „le vrai caractère du mot vide c'est l'abstraction” (bl. 201). Havers praat van „eine Intellektualisierung, d.h. der konkrete anschauliche Gehalt des Ausdrucksmittels ist verdrängt, und an seine Stelle ist das rein Begriffliche getreten” (Handbuch der Syntax, bl. 18).

Meillet (bl. 141) wys daarop dat hierdie proses van verslyting en vernuwing veral op sekere gebiede plaasvind, o.a. die perfek, futurum, die ontkenning, voegwoorde ens. (Vgl. Taal en Denken, bls. 60—61, en Pos in Atti III, bls. 13 vlgg.)

Soos ek opgemerk het, verklaar die behoefte aan nadruklikheid die verbreiding van *om te* ten koste van *te*; van *pour* ten koste van *à*; van *for to* ten koste van *to*.

INFINITIEF NA „TE”

Hoewel die verbinding met *om te* in Afrikaans veel belangriker en gebruikliker is as die konstruksie met *te*, verdien laasgenoemde eerste aandag omdat dit histories primêr is.

Dit sluit aan by die Nederlandse erfenis, en daarom is dit ook nie bevreemdend dat dit hoofsaaklik in 'n aantal geykte uitdrukkings voorkom nie.

- (1) Daar is konstruksies met 'n oorgelewerde uitgangs -e. Vgl.: gee te kenne, het/is te danke, is te wyte, is te hope, is te wagte, is te vinde, is te denke, kom te hore, kom te wete, gaan te kere ens. In die skryftaal vind ons *te* ook na *weet*, *meen*, *erken*, *skyn*, *blyk* ens., bv.: „Hulle weet te vertel dat hy verongeluk het. — Ons korrespondent meen te weet — Dit is 'n daad wat hy erken 'n skending te wees (Angl.?). — Hy skyn baie geesdriftig te wees. — Hy blyk 'n baasvegter te wees”

- (2) Na *hoef* en *behoort*. Voorbeelde onnodig.
- (3) Na voorsetsels soos *deur, in plaas van, instede van, van*, bv.: „Julle het afvallig geword deur vir julle 'n altaar te bou. — Instede van na die kamer te gaan, stap hy na die venster. — Oom sal nie ouderling word van hierlanges rond te dwaal nie. — Die skip het begin met myne uit (te) sit.”
- (4) Na *het, kry, staan* en (*daar*) *is*, bv.: „Jy het niks te kla nie. — 'n Mens kry nie aldae olifante te koop nie. — Daar's 'n nasie te lei, daar's 'n stryd te stry. — Hy was nie te beny nie.”

In die meeste bostaande voorbeelde is die (grammatiese) subjek ook die implisiete subjek van die inf. Dit geld vir die inf. na *weet, meen, skyn, blyk, hoef, behoort*, en na die voorsetsels, asook vir die inf. in die eerste twee sinne van no. (4). 'n Opvallende uitsondering is al die infinitiewe na *wees*, sowel in no. (1) as in (4), bv.: „Dit is te hope. — Hy was nie te beny nie.” (Hierop vorm *te wagte* weer 'n uitsondering!) Hulle moet *of as passiewe konstruksies* beskou word *of as voorsetselbepalings* van dieselfde aard as *ter insae, in aanbou* ens. Laasgenoemde is waarskynlik die beste verduideliking, want dit is ook histories korrek (vgl. bl. 83). Jespersen verkies om dit as aktief te beskou met die voorafgaande naamwoord of vnw. as implisiete objek (vgl. *Analytic Syntax*, bls. 60—1).

INFINITIEF NA „OM TE”

Hoewel die inf. met *om te* in oorsprong veral bepaling van doel was, meen ek dat dit tans in Afrikaans so uitgebrei het in sy funksies dat ons dit eerder as 'n soort beknopte bysin kan beskou. Ter bevestiging kan Paul se opmerking dien: „Die Form und Konstruktionsweise des Inf. ist nach der einen Seite her verbal . . . nach der andern Seite hin aber nicht nominal, sondern speziivisch infinitivisch” (par. 257). Maar dit is veral jonger syntactici wat die ontwikkeling van die inf. besef het. So gebruik

Curme die term „abridged clauses” (bls. 125, 126 en elders) en onder die voorbeelde van tipes bysinne ken hy die inf. ook 'n plek toe. Hy wys ook gereeld op die *implisiete subjek* van die inf., bv.: „It is stupid of you (subj.) to say it. — For me (subj.) to back out . . . would be to acknowledge that I am afraid. — I am counting upon J. (subj.) to do it. — I know how deeply she must have offended you for you (subj.) to say so.”

Hoeseer hierdie implisiete onderwerp as essensieel gevoel word, blyk uit die manier waarop dit ingesmokkel word in die omgangstaal: „I am not eager for him to come. — Je conte sur vous pour vous me donner d'argent.”

Die volgende voorbeelde kan die reksieverhoudings in Afr. aantoon (implisiete subjek gekursiveer):

- (1) *Grammatiese subjek* ook *implisiete subjek* van inf.: „Hulle het die ballies uitgerol om dié te was. — *Ek* was nie so dom om dit te laat merk nie. — Hulle het geleer om hom lief te kry. — Maar om vasgebind en magteloos te wees, daarvan het *ek* geen onder-vinding nie. — *Hy* het vertrek sonder om te groet.”

- (2) *Grammatiese objek implisiete-subjek* van inf.: „Dit geluk *hom* om die eiland te bereik. — Hy wou *haar* dreig om met hom te praat. — Wie gee *hom* die reg om te oordeel?”

Hierby hoort ook die verbinding *vir* (in e.a.) + s.nw. of v.nw. wat die *implisiete subjek* aandui: „Om A. te klop beteken *vir hom* alles. — Toe kom daar 'n wilde begeerte in *hom* op om die man plat te slaan. — Dit word tyd *vir ons* om te loop.”

- (3) Die implisiete subjek word onregstreeks aangedui of is ongenoem („'n mens”): „Dit is in *sy* mag om die familie te red. — Dit help (*'n mens*) niks om te vlug nie. — Dit was om jou dood te lag.” So ook Overdiep, parr. 205—211.

As Beknopte Bysin

Die uitsonderlike posisie van die inf. as „abridged clause” blyk ook uit die *posisie* van die sinsdele. Waar die gewone bepalings voor die laaste ww. of deelwoord staan, kom die inf. met *om te*, presies soos ’n bysin, meestal daaragter, bv.: „Hulle het elke Vrydag met die groente mark toe gery om die voordeligste pryse te kry.” Let ook daarop dat die voorwerp van die inf. op ’n ander plek staan as die eerste voorwerp: „Hy het die jong gehuur om *die tuin* te bewerk.”

Dié soort inf. het in die eerste plek die waarde van ’n bysin van Doel, maar byna al die soorte bysinne kan daarmee vergelyk word.

Soos onderwerpsin: „Om mied te pak in die warm son is ’n man se werk. — Dit is ’n genot om na die man te luister.”

Soos voorwerpsin: „Wie het jou gevra om te kom? — Theunis het besluit om Fanie op te neem in sy huis.”

Soos gesegdesin: „Dit was om jou dood te lag. — Dit is werklik om meely te kry.”

Soos byvoeglike bysin: „Hy het gekom uit ’n behoefte van sy hart om Elsie te sien. — Daar het ’n groot stuk land oorgebly om in besit te neem.”

Soos bywoordelike bysinne:

Doel: „Hulle het vinnig opgeruk om die vyand te verras.”

Graad: „Hy was te slim om hom te laat vang.”

Omstandigheid: „Hy het vertrek sonder om te groet.”

Gevolg: „Jy moet ’n ander mens geword het om so iets te doen.”

Graad: „Daar behoort genoeg dooie lammers te wees om die roofdier aan lewe te hou.”

Vergelyking: „Dit is beter as om hom te beledig.”

Baie van die konstruksies is moeilik te klassifiseer: „Ek het gejeuk om hom te slaan. — Hy is die beste man om dit te doen. — Maar om gebind en magteloos te wees, daarvan het ek geen ondervinding nie. — Hy ken die kuns van gesels sonder om te praat. — Ons is drie man sterk om tweehonderd ooe aan te ja. — Wie kan kers vashou by jou om koek te bak?”

Onder die infinitiefgroepe is daar 'n tipe wat Jespersen die treffende benaming van *Speaker's Aside* gee, d.w.s. die spreker se kritiek of aanvulling vir homself op sy eie bewering (*Analytic Syntax*, bl. 89). Vgl.: „Om die waarheid te sê, Josie was bang gewees. — Om te oordeel na die vorige taktiek sal hulle hier aanval. — Ek was nooit siek in my lewe nie — nie om van te praat nie.”

DIE INFINITIEF IN VERBINDING MET ANDER WERKWOORDE

Die verbindings met die modale hulpwwe. *kan, mag, moet, sal, wil, behoort, hoef* en wat Langenhoven die semi-hulpwwe. noem, soos *gaan, kom, begin* word behandel. Hier bespreek ons slegs twee tipes wat besonderlike sintaktiese en semantiese kenmerke vertoon.

(1) *Sien, hoor, voel* + infinitief. Afgesien van die konstruksie wat gewoonlik *accusativus cum infinitivo* genoem word, vind ons ook dat die wwe. deur 'n bysin gevolg word, bv.: „Ek sien hom alweer loop. — Ek sien hy loop alweer.”

Daar is 'n belangrike onderskeid tussen die twee sinne. As die infinitief volg, druk die wwe. *sien, hoor, voel* die konkrete-waarneming uit, m.a.w. ons sien 'n beweging voor ons oë, hoor 'n klank in ons ore en voel iets lyflike, maar met die bysin het die wwe. 'n afgetrokke betekenis; *sien dat* beteken dat ons dit lees, *hoor dat* beteken dat ons dit verneem en *voel dat* beteken dat ons dit in die gees ondervind. Vgl.: „Ek hoor jou altyd dieselfde storie vertel. — Ek hoor dat jy altyd dieselfde storie vertel. — Ek voel net ruk en pluk tot die ding sink. — Ek voel dat hy wil bedank.”

Die voorwerp, wat die implisiete onderwerp van die infinitief is, kom in baie sinne voor, maar ontbreek soms. Vgl.: „Ek het *hom* die perd sien ry. — Hoor jy *haar* sing? — Jy sien net (?) sweet afvéé. — Jy hoor net (?) skree. — Sien julle (?) daar wink en waai?”

(2) *Probeer, help, leer*. Hulle word met die inf. verbind, met of sonder *om te*. Hierdie weifelende karakter blyk ook uit die verbindings met *het*. Vgl.:

„Ek probeer om my aandag by die preek te bepaal. — Hy wil dit probeer gebruik. — Ons het probeer om die mense te keer. — Sy het dit met geweld probeer wurg. — Jy moet my help om klaar te maak. — Sy help seek. — Sy het *hom* sy smart help dra. — Hulle het *hom* help vlug. — Een van hulle het 'n sesduimkanon gehelp hanteer. — Jy moet leer om jou hande te gebruik. — Leer hy al praat? — Ek het *hom* goed leer ken. — Ek en jy het *hom* geleer om fatsoenlik te wees.”

Die implisiete subjek van die inf. na *help* is die grammatiese objek. Dié kan ewenwel soms verswyg word as dit uit die verband blyk: „Ons help (hulle) inspan.” By *leer* is daar twee moontlikhede:

- (a) Die grammatiese subjek is ook die *implisiete subjek* van die inf.: „Hy leer (= learn) nou eers werk.”
- (b) Die grammatiese objek (indirekte objek) is die *implisiete subjek* van die inf.: „Hy leer (= teach) *ons* sing. — Ons moet *hulle* leer (= teach) om dié dinge reg aan te pak.”

Die verskillende sintaktiese vorme moet as stilistiese verskille beskou word. Langenhoven toon 'n voorkeur vir *geleer om te* en *begin te* (selde *begin om te*, vgl. bl. 127); C. M. van den Heever het geen sterk voorkeur nie; Van Wyk Louw en ander jonger skrywers verkies die verbinding sonder *om te* of *ge-*.

HENDIADYS: DIE VERBINDING VAN TWEE WWE. DEUR MIDDEL VAN „EN”

Tot dusver het ons die konstruksies behandel wat histories te beskou is as verbindings van 'n vf. met 'n verbale s.nw. Hierdie verbale s.nw. het ontwikkel tot 'n egte werkwoordsvorm (inf.), sodat dit die krag het om 'n nexus te vorm, d.w.s. as ondergeskikte gesegde op te tree binne die geheel van 'n onafhanklike „sin.” Die omgekeerde kan ook voorkom, nl. dat 'n onafhanklike gesegde wat verbind is met 'n ander onafhanklike gesegde in 'n ondergeskikte verhouding raak. Dit kom veral by verbindings met *en* voor, bv.: „Die oubaas sit my 'n oomblik so en aanstaar. — Oom Gerrie staan hom agterna en kyk.”

Die verskynsel is, wat Nederlands betref, uitvoerig bespreek deur Overdiep (bls. 560—571), en as 'n algemeen taalkundige probleem deur W. Havers in die artikel „Enumerative Redewyse” (I.F., Heft 45, bls. 229 vlg.). Havers toon aan dat daar in die meeste tale van Afrika, Europa en Asië 'n neiging voorkom om 'n handeling taalkundig in sy onderdele op te splits en elke onderdeel voor te stel deur 'n sin wat aan die ander geryg word presies in die volgorde waarin die handeling waargeneem is. In *Handbuch der Syntax* sê hy: „Die der gesprochenen Sprache eigene Parataxis in Fällen wie nhd. ‚Sei so gut und tun mir den Gefallen’ findet sich in einer erstaunlichen Gleichmässigkeit in den verschiedensten älteren und neueren idg. Sprachen” (bl. 53). Die samehang is dus geheel chronologies en aanskoulik (maar nie kousaal nie).

Hierdie wyse van voorstelling oorheers by primitiewe volkere, maar kom ook in baie ander tale voor, veral wanneer die taal meer gespreek as geskryf word. (Daarom kom die „Enumerative Redewyse” veral in Afr. en Mnl. voor, maar nie in die Ndl. van die Renaissance nie. By volkskrywers soos Bredero vind ons dit wel, selfs met die woordskikking soos in Afr.: „Wil jij taback leggen en drincken” (Van der Veen, bl. 118). Die ooreenkoms tussen

die twee stadia van Diets is dus eerder sielkundig as histories te verklaar.)

Die blote aaneenryging verander maklik in 'n ondersikking. Veral die wwe. van beweging wat so dikwels allerlei handelings begelei, raak maklik op die agtergrond deur die gedurige herhaling daarvan. Dit blyk uit die volgende vrye weergawe van 'n beskrywing in 'n inboorling-taal: „Hulle gaan hom vat, hulle gaan hom bind, hulle gaan loop met hom na die Sultan, hy gaan gegryp word waar nie mens was nie, hulle gaan hom gee kos” (I.F., bl. 223). Dit is duidelik hoe so 'n ww. lig *gegrammatikaliseer* kan word tot wat ons hulpwwe. noem.

Voor ek op hierdie kwessie ingaan, wil ek eers daarop wys hoe selfs 'n verband wat ek kan noem konsekatief of finaal (?) op dié wyse aangedui kan word. Dikwels is die verbinding soos by bv. modale ww. + inf.

Overdiep gee die volgende voorbeelde uit die volkstaal: „Toen zijn zij heengegaan en zijn begonnen met de ontginning van den eersten polder. — En toen kwam 't ongeluk, en hij viel dat zijn nek brak. — Ga eens te werk en breng die palen in de schuur. — We moeten naar schuur en voeren de koelen. — Ik wou even komen en helpen je” (bls. 561, 565).

Uit Afrikaans kan ek die volgende siteer: „Hy is kapabel en sê die geld op. — Waarom wil jy nie vir my luister en kap die spul uit en plant vrugtebome op die grond nie? — Toe begin die Engelsman en vertel vir ons van die afskeiding.”

In Afrikaans is dit veral die wwe. *staan, sit, lê, loop* wat as hww. in dgl. verbindings optree. Dit is nl. die mees algemene woorde vir die beweging of posisie wat 'n handeling begelei. Die woorde kan natuurlik of konkreet en selfstandig gebruik word of afgetrokke as hulpwwe. wat die *duratiewe aspek* uitdruk.

Daar bestaan 'n verskil tussen die wwe. wanneer hulle (A) *selfstandig* en wanneer hulle (B) *as hww.* gebruik word. Dit blyk uit die Uitspraak, Woordorde en Vorm.

(1) Uitspraak

Die voegwoord *en* het volle klankwaarde (ɛn) wanneer dit twee sinne verbind, bv.: „Hy het hier gestaan en gekyk na die huise.” Wanneer dit egter die verbinding van hww. en ww. is, is die voegwoorde onbetoond (ən), bv.: „Hy het gestaan en kyk na die huise.”

Dit is opvallend dat die voegwoord in die Boland dikwels geheel wegval, bv.: „Hy het staan kyk na die huise.”

(2) Woordorde

HOOPSIN: Wanneer die ww. selfstandig en konkreet is, staan die voorwerp ná die tweede ww., maar as dit 'n afgetrokke hulpww. is, staan die voorwerp vóór die tweede ww. Vgl.: „Almal sit nog 'n rukkie en bespreek *die geval*. — Nou staan sy en wag vir *Flip*. — Hy staan *my* so en aangluur. — Daar staan die tolman *sy bakkies* op 'n glimlag en trek. — Die oubaas sit *my* 'n oomblik en aanstaar.”

Let verder daarop dat die tweede ww. wat nou 'n inf. is, aan die end van die sin staan en sy bepaling voor hom het: *aangluur* en *aanstaar* i.p.v. *gluur aan*, *staar aan*.

BYSIN: Die hulpww. staan onmiddellik voor die inf. aan die end van die sin, vgl.: „waar almal jou sit en beskou. — wat haar mandjie sit en uitpak. — nadat hy daardie gedagtes in die bed gelê en dink het.”

Dit beteken dat *hulpww.* + *en* + *inf.* 'n eenheid vorm wat selde deur tussenvoeging kan geskei word. Uitsonderlike gevalle kom wel voor: „waar hul sit hul wonde en lek” i.p.v. „waar hul hul wonde sit en lek — dat hulle in die bed lê en boeke lees.”

(3) Vorm na „het”

(A) As die eerste ww. selfstandig is, is die tweede ww. 'n deelwoord (met *ge-* as dit moontlik is), bv.: „Hy het by die venster gestaan en na buite *gekyk*. — Hy het daar gesit en in die ou boek *geblaai*. — Sy het weke gelê en goed *uitgerus* na die geweldige inspanning. — Julle het te veel geloop en *gespeel*.”

(B) Na *het* kom die *hulpwv.* soms met *ge-* voor, en soms nie, maar die tweede ww. het steeds die vorm van 'n inf., bv.: „Ons het etlike minute gestaan, en *wag*. — Thys het so na die water staan en *kyk*. — Ek het die oggend gesit en opstelle *lees*. — Ek het my soms so sit en *verwonder* oor Jakob. — Die vis het bo-op die water lê en *spartel*. — Dis waar jy gelê en *slaap* het. — En die sewe priesters het gedurig geloop en *blaas*. — Hy roer die saak aan waaroor ek loop en *dink* het.”

OPM.: In die Boland word die *en* dikwels weggelaat, bv.: „Twee ogies staan huil in die winterkoue. — Die volk staan wag vir die aanddop. — Maar terwyl die ou nog sit babbel, val Hendrik hom in die rede. — Dis hy wat daar agter die denneboom sit dreun met sy ghitaar. — Toe het hulle somar langs die pad bly lê slaap.”

M.i. moet ons die voegwoord *en* in hierdie konstruksies beskou as 'n vrywel „betekenislose” oorgangsklank, ongeveer van die waarde van *te* of *om te*. *Staan, sit, lê* en *loop* is egte *hulpwv.* van *aspek* wat gevolg word deur egte *infinitiese*, soos blyk uit die woordorde en die vorm.

Infinitiese en Imperatiewe: Die inf. met sy implisiete onderwerp is verwant aan die bevelvorm wat ook 'n implisiete onderwerp het, nl. die toegesproke persoon of persone. Daarom kan ons verwag dat die twee somtyds funksies wissel, bv.: „Altyd maar ooptrek en hou maar hier na my toe! — Oppas dat die gars nie afslaan nie! — Daar kom hy! Padgee! skreeu Fanie. — Mooi met verdrag, jong, en nie kromtrek nie! — Gou die wa volgool, kêrels, dit word laat! — Nee-a, nie bank spit nie! — Daar is g'n ander raad nie, Outa kopafsnay!”

Die imperatiefvorm as infinitief vind ons by 'n paar wwe. wat meer vir bevele as vir mededelings gebruik word, bv.: „Ek moet *pasop* vir jou. — Ons help hom orent en *houvas* hom 'n oomblik. — Julle moet *laat los* as ek skree.”

Pos sê dat dit 'n algemene verskynsel is en verklaar: „Een infinitivus pro imperativo is met name in het Grieksch verbreid” (Het Onbepaalde, bl. 20).

Slotsom: Ons konstateer dus dat die inf. 'n funksie of gebruik van die ww. is, wat in die geval van *wees* en *hê* 'n aparte vorm het, maar verder alleen kenbaar is aan woordposisie, funksie en reksie. Dit kan 'n gesegde-eenheid vorm met 'n ander ww. of los gebruik word. As los sinsdeel kom dit voor met *om te*, 'n enkele keer met *te* en heel selde alleen of na 'n ander voorsetsel. Dit deel in die reksie van 'n ww.; dit neem 'n voorwerp en bywoordelike bepalinge maar ook 'n implisiete onderwerp, sodat dit soms ooreenkom met 'n beknopte bysin.